basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## 2016

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: | TAAL | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TV-RUBRIEK

Lees die rubriek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

**UIT DIE RUSBANK**

**Deur: André-Pierre Du Plessis** (apduplessis@gmail.com)



[www.variety.com]

**NOAH GAAN NOG LANK OP TV WEES**

**Is Trevor Noah dalk die volgende "goue seun" van New York?**

1 Trevor Noah se gesig het oor die hele New York op taxi's en stadsbusse verskyn. Tog was hy eintlik maar nog 'n vreemdeling vir miljoene New Yorkers.

2 Sy gesig het ook die eerste week van Oktober 2015 in elke Amerikaanse koerant en tydskrif verskyn. Langs sy gesig met die breë glimlag het die woorde *The new face of the same show* verskyn. Trevor moes Jon Stewart, die aanbieder van *The Daily Show* en goue seun van New York, se groot skoene vol staan.

3 Jon Stewart het die afgelope sestien jaar die program *The Daily Show* aangebied. Toe Trevor Noah oorneem, het baie mense gewag dat hy 'n voet verkeerd moes sit. Hoekom? Hy was nie vroeër deel van die program nie en hy was 'n vreemdeling vir die Amerikaanse kykers.

4 Na net 'n week as aanbieder van die nuwe *The Daily Show with Trevor Noah,* was dit duidelik dat Trevor nog lank op die Amerikaanse televisie te sien sou wees. Dit is hoe goed hy as komediant en aanbieder was.

5 Mense het gehoop dat Trevor Noah die formaat van die nuwe program *The Daily Show with Trevor Noah* sou verander, maar hy het nie. Dit het baie mense teleurgestel.

6 Trevor begin steeds die program deur die dag of die naweek se nuusgebeure op te som. Hy doen dit op so ’n manier dat die helfte van die program se grappies daarin voorkom. In sy eerste program het Trevor gemaak asof hy ’n dwelmmiddel was wat spog dat hy vir die sangeres Whitney Houston se dood verantwoordelik was. Party mense het gedink dié grappie was nie snaaks nie. Hulle het op Twitter daaroor gekla. Maar dit was baie dieselfde as die soort grappies wat Stewart ook deur die jare gemaak het.

7 In die tweede deel van die program, net soos toe Stewart die aanbieder was, fokus Trevor op een nuusgebeurtenis. Vir hierdie nuusgebeurtenis skakel hy dan oor na ’n joernalis wat maak asof hy/sy regtig daar is waar die gebeure plaasvind en dan verslag doen.

8 Daarna voer hy ’n onderhoud in die ateljee voor die kameras met ’n bekende persoon. Die program word steeds afgesluit met die *Moment of Zen*-insetsel. Terwyl die program klaarmaak, word ’n snaakse of ongewone opmerking deur ’n belangrike persoon gewys – sonder ekstra kommentaar deur Noah of een van sy joernaliste.

9 Vir lojale kykers van *The Daily Show* is dit asof die program maar net ’n nuwe aanbieder gekry het terwyl dit nog steeds dieselfde volgorde het. Vir Suid-Afrikaners lyk dit asof Noah net ’n nuwe werkplek gekry het, maar dieselfde grappies maak.

10 Suid-Afrika kry natuurlik ’n gratis advertensie in amper elke episode omdat Noah dit so geniet om oor apartheid te praat en grappe oor Suid-Afrikaners te maak. Aan die begin van die program vertel hy hoe hy nooit gedink het hy sou eendag sy eie toilet in die huis hê nie. Nou het hy selfs sy eie televisieprogram! In ’n ander program vra hy vir die komediant Kevin Hart of hy uitsien na sy eerste besoek aan Suid-Afrika. Dit is nou regtig ’n gratis advertensie vir Suid-Afrikaanse toerisme! Suid-Afrikaanse toerisme het juis al die hulp wat dit kan kry, nodig.

11 Vir die Suid-Afrikaners wat jaarliks New York besoek, is daar nou ’n ekstra doen-ding terwyl hulle daar is. Kaartjies om te sien hoe *The Daily Show* opgeneem word, is gratis. Onthou net: jy moet baie lank vooruit jou kaartjie bespreek.

[Verwerk uit *Bylae tot Die Burger*, 3 Oktober 2015]

1.1 Waar in New York se strate het mense Trevor Noah se gesig gesien? (Paragraaf 1) (1)

1.2 Watter woord in paragraaf 1 dui aan dat Trevor Noah vir baie mense in New York nie bekend was nie? (1)

1.3 "*The new face of the same show"* (Paragraaf 2).

1.3.1 Waarom is hierdie woorde kursief gedruk? (1)

1.3.2 Vir watter mense is Trevor Noah 'n nuwe gesig ("new face")? (1)

1.3.3 Skryf die program se naam neer waarna die woorde "the same show" verwys. (1)

1.4 "... goue seun van New York ... " (Paragraaf 2).

1.4.1 Word "goue" in die teks denotatief of konnotatief gebruik? (1)

1.4.2 Hoekom noem die mense vir Jon Stewart New York se "goue seun"? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.5 E.

Die uitdrukking "Jon Stewart ... se groot skoene vol staan" (paragraaf 2) beteken dat Trevor Noah Jon Stewart se ...

A skoene present gekry het.
B werk vir hom oordoen.
C groot skoene dra.
D sukses voortsit. (1)

1.6 Hoekom het sommige kykers aan die begin verwag dat Trevor Noah iets verkeerds sou doen? Gee TWEE redes. (2)

1.7 Hoe lank het dit Trevor Noah geneem om aan die kykers te bewys dat hy goed in sy werk is? (1)

1.8 Die inhoud van die program het basies dieselfde gebly.

Gee TWEE redes waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

1.9 "Party mense het gedink dié grappie was nie snaaks nie. Hulle het op Twitter daaroor gekla." (Paragraaf 6)

Waarom is dit IRONIES dat party mense oor "dié grappie" gekla het? (2)

1.10 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan wat aandui dat die joernalis met wie Trevor Noah praat, toneelspeel. (Paragraaf 7) (1)

1.11 Hoe is Trevor Noah se program anders as Jon Stewart se program? (Paragraaf 10) (1)

1.12 Trevor Noah het arm grootgeword.

Motiveer hierdie stelling deur na die teks te verwys. (1)

1.13 Wat impliseer die skrywer van hierdie artikel met die volgende woorde:

"Suid-Afrikaanse toerisme het juis al die hulp wat dit kan kry, nodig." (Paragraaf 10; laaste sin) (1)

1.14 Verduidelik hoe jy weet dat daar baie mense in die ateljee sit as Trevor Noah se program gemaak word. (1)

1.15 Hoekom is dit gepas dat 'n TV-rubriek se naam "Uit die rusbank" is? (1)

1.16 Hoekom is die subopskrif **(Is Trevor Noah dalk die volgende "goue seun" van New York?)** 'n vraag? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die antwoord neer.


Die foto boaan die teks sluit die beste by (paragraaf 2/paragraaf 9) aan. (1)

1.18 Hoe weet 'n mens die skrywer hou van Trevor Noah? (1)

**GRAFIEKE: REISTYD EN PARKERING**

Bestudeer die grafieke hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




[Verwerk uit grafika24.com]

1.19 Hoekom is die prent van die horlosie gepas by die eerste grafiek? (1)

1.20 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord neer.

Die eerste/boonste grafiek dui aan dat meer mense (langer/korter) as ’n halfuur reis. (1)

1.21 Hoekom is dit goed om inligting in grafiekformaat aan te bied? (1)

1.22 Hoekom, dink jy, is die prentjie van die motor gepas by die tweede grafiek? (1)

1.23 Watter persentasie mense is baie ontevrede met hul parkeerplek by die werk? (1)

1.24 Waarom, dink jy, is dit belangrik dat mense met hul parkeerplek by die werk tevrede moet wees? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE dinge om jou beter te laat voel, in jou eie volsinne op.
2. Skryf die dinge PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die dinge van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**SEWE DINGE OM JOU BETER TE LAAT VOEL**

Voel jy soms dat die lewe vir jou te veel is? Daar is heelwat dinge wat ’n mens kan doen om jou beter te laat voel.

Dis altyd ’n plesier om na ’n lang tyd weer kontak te maak met ’n familielid of ou vriend. Tel die foon op en bel hulle. Om so bande met mense te herbou, laat jou altyd beter voel.

Daar is baie dinge wat ’n mens uitstel, soos om ’n tandartsafspraak te reël of jou klerekas reg te pak. Doen hierdie dinge dadelik, want dit tap jou energie as jy die hele tyd weet daar is nog take wat wag.

Die meeste mense hou daarvan om lekker dinge in die lewe te doen. Maak tyd in jou dagboek om weer ’n keer iets lekkers te doen, want dit sal jou laat beter voel.

Wanneer jy aan die begin van jou dag iets positiefs gedoen het, motiveer dit jou vir die res van die dag. As jy die eerste uur van die dag met negatiewe dinge besig is, is die res van jou dag sleg.

Studies bewys dat mense wat lief is vir fisiese kontak, meer goedvoel-hormone het. Jy sal minder stres ervaar en beter voel as jy vir jou geliefdes drukkies gee.

Om oefening in jou daaglikse program in te bou, is maklik. Klim byvoorbeeld die trap in die winkelsentrum of help om die huis skoon te hou. Oefening gee ekstra energie!

As ’n mens dinge vir ander mense doen sonder om iets terug te verwag, sal jy altyd goed oor jouself voel.

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 5 Februarie 2015]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**




[Uit: litnet.co.za]

3.1 Wie is die adverteerder in hierdie advertensie? (1)

3.2 Noem TWEE maniere waarop die woorde heel bo in die advertensie (kop) beklemtoon word. (2)

3.3 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Hierdie advertensie is bedoel vir (mense van Suid-Afrika). (1)

3.4 Voltooi die volgende sin met die korrekte WOORD:

Die woord "SPURFEK" is gevorm uit die woorde SPUR en … (1)

3.5 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die prent laat die kos (lekker) as gewoonlik lyk. (1)

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.6 E.

"'n Lus vir die lewe" is 'n voorbeeld van …

A alliterasie.
B assonansie.
C stereotipering.
D seksisme. (1)

3.7 'n Mens sal mos … lippe aflek!

3.7.1 Voltooi die volgende sin met die korrekte VOORNAAMWOORD:

'n Mens sal mos … lippe aflek! (1)

3.7.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

"lippe aflek" beteken in hierdie advertensie dat die kos (lekker/vetterig) is. (1)

3.8 Skryf die onderstreepte GETAL as 'n woord.

Jy kan 'n ¼ hoender bestel. (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**TEKS E**




[Verwerk uit thecomicstrips.com]

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Gee EEN woord om die seun se gesigsuitdrukking in RAAMPIE 1 te beskryf. | (1) |
| 4.2 | Voltooi die sin:<br><br>Die pa … die motor in RAAMPIE 2. | (1) |
| 4.3 | Wat is die funksie van die stippels in RAAMPIE 4? | (1) |
| 4.4 | Gee die korrekte Afrikaans vir “Bye” in RAAMPIE 5. | (1) |
| 4.5 | Skryf in die INDIREKTE REDE.<br><br>Die pa sê: “Dit is nog ver skool toe.”<br><br>Begin só: Die pa sê dat … | (2) |
| 4.6 | Skryf die woorde tussen hakies oor in die korrekte WOORDORDE. Skryf die sin uit.<br><br>Die pa het hom (ver van die skool af/vanoggend/vinnig) afgelaai. | (1) |

4.7 Skryf die woord "Seblief" volledig uit. (1)

4.8 Kies die antwoord wat die volgende sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.8) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.8 E.

Die beweging van die seun se kop wys hoe … hy is.

A opgewonde
B benoud
C hartseer
D verras (1)

4.9 Wat in RAAMPIE 6 laat jou lag? (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

**(5.1) SKOOLSEUN HET REKENAARS VIR SIEK KINDERS GEKOOP**

**Dit het alles begin met sy (5.2) (liefde/liewe) vir rekenaars en ander mense.**

Die agtienjarige Bennie van Eeden kry nie sakgeld nie, maar (5.3) (hy het twee rekenaars gekoop) en weggegee aan die kinderhospitaal vir kankerlyers.

Hy het geld gespaar wat hy verdien het deur vakansies te werk en hy het ook wiskunde-olimpiades gewen.

(5.4) (Dit is maar net die begin.) (5.5) (Hy is 'n matriek leerling van die Wes-Kaap.)

Woensdag is sy eie organisasie gestig om kinders te help. Dit is die Bennie-stigting en vorm deel van CHOC (Childhood Cancer Foundation South Africa).

(5.6) (My hart gaan uit na siek kinders.) (5.7) (Ek het rekenaars begin soek. Ek wou hulle motiveer.)

"My pa het gesê dit is die (5.8) (briljant) plan," sê Bennie.

Hy het die CHOC-vereniging genader met sy idee om rekenaars vir kankerlyers beskikbaar te stel terwyl hulle terapie ondergaan. Hy noem dit die Touch My Life-projek.

(5.9) (Bennie sê dat sy doel is om hierdie projek by elke staatshospitaal te begin.) "Ek wil kinders help (5.10) (om te oorwin) hulle siekte."

(5.11) (Borge het hom nog geïgnoreer.) Iemand het die tafels en kaste vir die rekenaars geskenk. Hy wou soms (5.12) (tou opgooi), maar sy familie het hom geïnspireer.

Bennie sê: "Ek het (5.13) (die dag voor vandag) 'n kankerpasiënt op een van die rekenaars sien speel. 'n Vierjarige seuntjie het na die rekenaar gewys en opgewonde gesê: 'Computer'."

Ai, dit was die moeite werd.

[Verwerk uit *Rapport,* 28 September 2014]

5.1 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Skoolseun het rekenaars vir siek kinders gekoop. (1)

5.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.2) en die woord neer.

Dit het alles begin met sy 5.2 (liefde/liewe) vir rekenaars en ander mense. (1)

5.3 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Hy het twee rekenaars gekoop.

Begin só: Twee rekenaars ... (1)

5.4 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Dit is maar net die begin. (1)

5.5 Verbeter die SPELFOUT in die sin.

Hy is 'n matriek leerling van die Wes-Kaap. (1)

5.6 Gebruik die HOMOFOON van die vetgedrukte woord hieronder in 'n sin.

My **hart** gaan uit na siek kinders. (1)

5.7 Verbind die sinne met die voegwoord tussen hakies.

Ek het rekenaars begin soek. Ek wou hulle motiveer. (omdat) (1)

5.8 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

"My pa het gesê dit is die (briljant) plan," sê Bennie. (1)

5.9 Skryf die sin in die DIREKTE REDE.

Bennie sê dat sy doel is om hierdie projek by elke staatshospitaal te begin.

Begin só: Bennie sê: ... (1)

5.10 Verbeter die sin deur die INFINITIEF tussen hakies korrek te gebruik.

Ek wil kinders help (om te oorwin) hulle siekte.

Begin só: Ek wil kinders help … (1)

5.11 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM/NEGATIEF.

Borge het hom nog geïgnoreer. (1)

5.12 Verduidelik wat die vetgedrukte UITDRUKKING beteken.

Bennie wou **tou opgooi**, maar sy familie het hom geïnspireer. (1)

5.13 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Bennie sê: "Ek het (die dag voor vandag) 'n kankerpasiënt op een van die rekenaars sien speel." (1)

5.14 Skryf die sin oor en verander die LEESTEKEN om die stelsin na 'n UITROEPSIN te verander.

Ai, dit was die moeite werd. (1)

5.15 Bestudeer die prent met aandag. Voltooi dan die dialoog (5.15.1–5.15.6) met slegs EEN woord per antwoord.

**TEKS G**



[Uit: www.dreamonline.com]

Pa: Kyk hoe gelukkig lyk almal! Ons is darem lief (5.15.1) … braai. (1)

Gert: Sjoe, Pa, die vleis wat Pa braai, (5.15.2) … baie lekker. Ek is seker die reuk maak ons bure lus vir ons braaivleis. (1)

Pa: Ja, my maag grom ook nou van die (5.15.3) … omdat ek vandag nog niks geëet het nie. (1)

Gert: Wagter is ook lus vir die vleis: kyk net hoe swaai hy sy (5.15.4) … (1)

Gert: Hier kom Ma nou met ons koeldrank op 'n (5.15.5) … aan. (1)

Pa: En kyk die mooi (5.15.6) … wat Ma aanhet om haar klere skoon te hou. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou